## 5 April - FAMILIE

**Skrifgedeelte: Markus 3:31-35; 10:28-31**
**Fokusgedeelte: Markus 3:35**

Elkeen van ons behoort aan 'n groep wat ons "familie" noem. My familie het goeie en slegte eienskappe en ek het deel daaraan. Of dit my trots of skaam maak, ek kan nie wegkom van my familie nie. Familie is belangrik. Jesus se familie was ook vir Hom belangrik. Aan die kruis sorg Hy dat sy ma 'n goeie huis het. Jesus het egter ook 'n ander, belangriker familie ...

Op daardie dag toe Jesus se ma en broers met Hom wil praat, sê Hy dit vir hulle. Hierdie familie word nie met bande van bloed aan mekaar gebind nie, maar deur die Heilige Gees. Jesus het familielede bymekaar begin maak. Hierdie familie het een baie kenmerkende familietrek: hulle doen die wil van God. Elke familie wil bly bestaan. Dit is mos waar ons familiename vandaan kom.

Die familie van Jesus wil ook bly bestaan. Hoe sal die kerk bly bestaan? Ons moet aan die basiese familietrek vashou. Ons moet sy wil bly doen. Dit is waarom ons bid: "Laat u wil geskied."

Niemand wil die familie in die skande steek nie. So het Jesus se familie ook 'n goeie naam. Ons dra die Naam van Jesus en ons wil nie hierdie Naam deur die modder sleep nie. Dit is waarom ons bid: "Laat u Naam geheilig word."

Aardse families brei uit deur geboortes. Jesus se familie groei deur wedergeboortes. Daar kom steeds nuwes by. Dit is 'n ou sê-ding: Jy kan nie jou familie kies nie. So kan mens ook nie jou medegelowiges kies nie. God kies hulle en Jesus roep hulle een-een. Hy hou nie op met roep nie. Hy wil steeds deur ons roep.

Ons moet bly wees oor sy keuse. Nou is dit ons voorreg om as familielede mekaar te slyp en te ondersteun.

*Sing: Psalm 133* *Ds D van 't Zand (Witpoortjie)*